

KINGSWOOD COLLEGE  
GRAAD 8 (VRAESTEL 1)  
NASIENRIGLYNE  
NOVEMBER 2015

=====

Afdeling A

Vraag 1

- 1.1. In daardie stadium was daar min inligting oor die Ooste beskikbaar en het Marco gevolglik baie in die Ooste belang gestel. (1)
- 1.2. Chinees (**Moet korrek gespel wees.**) (1)
- 1.3. Marco Polo het voor sy dood 'n boek oor sy reise na die Ooste geskryf. (1)
- 1.4. Hulle het lang afstande deur die woestyn afgelê en kamele aard goed in die omgewing. / Kamele is 'n goeie en betroubare vervoermiddel in die woestyn. (1)
- 1.5. Hy het vir hulle **baie geskenke** gegee ( $\frac{1}{2}$ ) en hulle per skip **tot by die Persiese Golf vergesel / laat neem.** ( $\frac{1}{2}$ ) (1)
- 1.6. Hy was sewentien (17) jaar oud. (1)
- 1.7. Hy was 42 jaar oud. (1)
- 1.8. Venesië + Italië (Korrekte spelling word nie vereis nie.) (2)
- 1.9. Onwaar "Hierdie boek word vandag nog gretig gelees." (**aanhalingstekens**) (2)
- 1.10. Volkswager Polo / Volkswagen (1)
- 1.11. "koopman" (**aanhalingstekens**) (1)
- 1.12. Sjina (1)
- 1.13. Drie (3) jaar (1)

[15]

=====

Vraag 2

- 2.1.1. Onwaar (1)
- 2.1.2. "Een uit elke twee mense wat cholera kry en nie behandel word nie, sterf binne 'n dag" (**aanhalingstekens**) (1)
- 2.2. Persoon kry pynlose diarree / hulle word dors / kry spierkrampe / oë sink / vel kry plooie (**Enige TWEE**) (2)
- 2.3. Kook jou drinkwater / Drink net gebottelde water / Was jou groente en vrugte met skoon water voor jy dit eet / Maak alles met Jik skoon. (3)
- 2.4. Hulle moet baie vloeistof inneem. (1)

- 2.5.1. Waar (1)  
2.5.2. "Cholera begin met 'n skielike pynlose diarree." (aanhalingstekens) (1)

[10]

=====

**Vraag 3**

- 3.1. Die tema van die strokiesprent is oorbevolking / Moeder aarde wat oorvol is / besoedeling (1)
- 3.2. Daar is te veel mense **EN** die planeet word erg besoedel / die mense pas nie die aarde op nie (2)
- 3.3. Lugbesoedeling / besoedeling (1)
- 3.4. Daar is te veel mense op die planeet en die planeet kan nie groter word om almal te akkommodeer nie. (Enige gepaste verduideliking) (1)

[5]

**Totaal Afdeling A: [30]**

=====

**Afdeling B**  
**Vraag 4**

**Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:**

Elke punt/sin tel 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toeken.

- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Slegs een feit per punt word aanvaar.
- Kommas en voegwoorde mag gebruik word.
- Indien al 5 sinne foutloos is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Merk dan negatief: maksimum 4 taalfoute van 'n ½ punt elk (die kandidaat verloor dus 'n maksimum van 2 punte vir taal). Dieselfde fout word nie 2 maal gepeenaliseer nie, en taalfoute in verkeerde feite word ook nie gepeenaliseer nie.
- Spelfoute word nie gepeenaliseer nie.
- Minus 1 vir elke direkte aanhaling.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus een as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n en die tel as deel van die woordtelling.
- Penaliseer as die aantal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning **MOET** doodgetrek word.

**Maniere om beter vir die eksamen voor te berei**

1. Jy moet altyd verseker dat jy jou volle aandag in die klas gee. √√
2. Maak seker dat jy genoeg slaap kry voor jy 'n eksamen skryf. √√
3. Jy moet altyd jou tyd goed bestuur om te verseker dat jy deur al die werk kan kom. √√
4. Jy moet gesonde kos eet wat jou bui sal verbeter en jou energievlakke sal verhoog. √√
5. Jy moet seker maak dat jy genoeg oefening kry. √√

(67 woorde)

[10]

**Totaal Afdeling B: [10]**

=====

## Afdeling C

### Vraag 5

LW: Geen punt indien leerling nie aangehaal het nie.

- |  |     |
|--|-----|
| 5.1. Pagel   | (1) |
| 5.2. “twee kerke” (aanhalingstekens)                         | (1) |
| 5.3. Leeus + olifante  | (2) |
| 5.4. Die poeier verhoed dat sy gly wanneer haar hande sweet. | (2) |
| 5.5. “karavane krakend” (aanhalingstekens)                   | (1) |
| 5.6. “maar” (aanhalingstekens)                               | (1) |
| 5.7. ’n Jong seun / seun                                     | (1) |
| 5.8. Op ’n dorp in die Karoo / Karoodorp                     | (1) |

[10]

=====

### Vraag 6

- |  |     |
|--|-----|
| 6.1. kwatryn   | (1) |
| 6.2. paarrym (NIE aabb NIE)  | (1) |
| 6.3. koor / refrein  | (1) |
| 6.4. Sy wil die kamer wat nou selfs in die dag donker is, verlig. Sy wil die helder lag van die seun weer hoor.  | (2) |
| 6.5. die kamer kon lag EN die son kan in die tuin speel  | (2) |
| 6.6. A (sang hoor)   | (1) |
| 6.7. winter EN somer   | (2) |
| 6.8. Die koue winter sluit aan by hartseer en droefheid en die warm somer by geluk en vreugde.   | (2) |
| 6.9. Die ma wie se seun selfdood gepleeg het vra die sonvanger om vir haar weer sonskyn / geluk in haar lewe te bring sodat sy minder bedroef kan wees. (Enige gepaste antwoorde.) | (2) |
| 6.10. gehoor   | (1) |
| 6.11. Dit is gekleurde stukkie glas in ’n ornamentjie wat opgehang word om ligstrale te weerkaats.   | (2) |
| 6.12. ma / moeder  | (1) |

6.13. seun / ma se seun / spreker se seun / seun wat seldood gepleeg het (1)

6.14. Al die hartseer wat die spreker tydens haar leeftyd ervaar het. (1)

[20]

**Totaal Afdeling C: [30]**

=====

**Afdeling D**

**Vraag 7 - Woordstrukture**

**Let wel: Korrekte spelling is 'n vereiste.**

- 7.1. Suid-Afrika
- 7.2. beste
- 7.3. dorpie
- 7.4. asvaal
- 7.5. bloedrooi
- 7.6. groepe
- 7.7. doodbang
- 7.8. langste
- 7.9. paaie
- 7.10. foto's
- 7.11. kleiner
- 7.12. vuurwarm
- 7.13. veertien
- 7.14. halfsewe
- 7.15. mnr.
- 7.16. Hy

[16 X ½ = 8]

=====

**Vraag 8 - Sinstrukture**

**LW: Geen halwe punte word toegeken nie.**

- 8.1. In die verlede het Matthew somtyds in die Wiskundeles gesit en (ge)slaap. (1)
- 8.2. Nee, Hannah eet nie elke dag slaai saam met haar middagete nie. (1)
- 8.3. Laas jaar wou Blake elke dag laat slaap. (1)
- 8.4. Volgende maand sal Cebo en Mike elke middag in die skool se swembad swem. (1)
- 8.5. Nee, ons is nooit lus vir vis en skyfies op 'n Vrydag nie. (1)
- 8.6. Verlede maand het Quinlan elke middag hard op die atletiekbaan geoefen om vinnig te hardloop. (1)
- 8.7. Francoise is die slimste meisie in graad 8, want sy werk baie hard. (1)
- 8.8. Donna is verlief op Nick omdat hy die kaptein van die vyfde rugbyspan is. (1)

- 8.9. Dayhna hou van netbal; dus oefen sy elke dag na skool. (1)
- 8.10. Michaela hou nie baie van Kuns nie. (1)
- 8.11. Nee, Simeon het nog nooit sy tas by die huis vergeet nie. (1)
- 8.12. Oormôre sal meneer Koen 'n baie netjiese klaskamer hê. (1)

[12]

=====

**Vraag 9 - Kommunikasie**

**Let wel:** Jou respons op elke vraag moet 12-18 woorde lank wees.

1 x punt vir inhoud (korrekte interpretasie)

1 x punt vir grammatika

5 x 2 = 10

- 9.1. Mnr. Opperman het gesê dat almal *Google Drive* moet gebruik. Jy weet egter nie hoe om *Google Drive* te gebruik nie. Vra mnr. Opperman om jou te help.
- 9.2. Jy wil graag hê jou beste vriend / vriendin moet saam met jou see toe gaan vir die vakansie. Vra hom / haar of hy / sy saam met jou see toe wil gaan.
- 9.3. Jy was vanjaar vreeslik lui in die klas. Jy voel baie sleg daarvoor en gaan na jou onderwyser(es) om hom / haar om verskoning te vra vir jou luiheid.
- 9.4. Sedert graad ses het jy heimlik 'n ogie op iemand spesiaal in jou graad. Sê vir die persoon hoe jy oor hom / haar voel.
- 9.5. Jy het op die eerste dag van graad 8 op die kampus verdwaal. Vra een van die onderwysers vir **aanwysings** na jou klas.

[10]

**Totaal Afdeling D: [30]**

=====

**GROOTTOTAAL: [100]**